GERHARD VON RAD, *Der Heilige Krieg im alten Israel.* Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1952, 2 Aufl., 84 S.

Hierdie geskrif van die bekende Heidelberger Outestamentikus is die uitwerking van 'n voordrag in 1949 op die somersamekoms van die Britse Society for Old Testament Study gehou en aan daardie belangrike en lewenskragtige werkgeselskap opgedra. Dit is 'n modelstudie en dit bewys hoe vrugbaar die metode is om in die geestelike voorstellingwêreld van Israel in te dring deur die ondersoek van die instellings waarin die volkslewe hom geopenbaar het, die veranderings wat hulle ondergaan het en die tradisies wat daardeur gevorm is en wat hulle skriftelike neerslag in die boeke van die Ou Testament gevind het, 'n metode wat baie vrugbaarder geblyk het as die enkel literêr-kritiese van „bronnesplitsing" en seker baie nader aan die verstaan van Israel se geestelike lewe en denke as die verouderde dogmatiese opvatting wat die inhoud van die Ou Testament verstaan as „'n kompleks van Godsdienstige voorstellinge oor God en skepping en mens en sonde ens., wat soos 'n geestelike wolk oor die volk Israel gesweef het" (von Rad, S. 5). Die skrywer versamel eers en rangskik die oor die hele O.T. verspreide gegewens oor die heilige oorlog waardeur mens 'n duidelike beeld kry van die verskillende opeenvolgende akte waaruit die verloop van hierdie merkwaardige instelling bestaan het vanaf die oproep deur die basuingeskal tot aan die uitvoering van die ban; hy noem dit „die teorie van die heilige oorlog".

Daarna bespreek hy in veronderstelde kronologiese volgorde die skriftelike gegewens aangaande die heilige oorlog in die O.T., agtereenvolgens in die geskiedenis van die oudste Israel, die „na-Salomoniese novellistiek" (d.i. die in kunsprosa uit die tyd na Salomo oorgelewerde verhale aangaande oorlogvoering in vroeëre episodes), die profesie, by Deuteronomium en ten slotte in 'n afsluitende hoofstuk oor reste van hierdie verskynsel in die Kroniekboek, die Psalms en tot in die 1ste Makkabeërboek.

Die inhoud van hierdie betreklik klein geskrif is te ryk om in 'n kort bespreking die regte indruk daarvan te gee. Dit steun op gedeë kennis van die nuutste metodes van literêre en tradisieondersoek, en vertoon 'n meesterlike hanteer van die huidige instrumentasie om agter die verhale tot die historiese gebeure en gebruik deur te dring sowel as 'n fyn aanvoeling van spesifiek Israelitiese geestelike waardes.

Tereg oefen die skrywer kritiek op die godsdiensvergelykende en -gelykskakelende metode van die boek van Schwally oor dieselfde onderwerp (bl. 29 v.) en op die „magiese" opvatting van Pedersen in sy standaardwerk: Israel (bl. 30 v.). Of die skrywer tereg die heilige oorlog geheel uit die woestyn- en intogsperiodes uitskakel, lyk my baie twyfelagtig; ek sou die voorstelling van die Psalms in hierdie opsig (bl. 82 n. 136) meer geloofwaardigheid wil toeken, in die lig van die voorstellings in Ex. 14, die Rooiseelied Ex. 15 (selfs in sy kortste vorm as die lied van Mirjam), die Amalekverhaal Ex. 17, die krygsverhale in Num. 21, die sinjaalroep Num. 10:35 v., in die Bileamspreuke bv. Num. 23:21 vv., 24:8, die optrek van Jahwe van die Sinai in krygsterme in die aanhef van Deut. 33 en Rigt. 5 en die feit dat tog ook reeds in die woestyn die Israelitiese stamme 'n soort amfiktionie of „heilige stamverbond" gevorm het. Von Rad opereer ook wel te dogmaties met sy stelling dat 'n heilige oorlog alleen defensiewe karakter sou gehad het (bl. 26 n. 39).

By sy verklaring van die Davidswoord tot die Filistyn I Sam. 17:45 (bl. 48, n. 79) word die parallelie van „met swaard, spies en speer" en „met die naam van Jahwe" oor die hoof gesien („met" dui hier die kragsbron en wapen aan). Of die profeet Jesaja homself as profeet as die charisma-draer in die heilige oorlog beskou sou hê (bl. 60 v. by die bespreking van Jes. 31:3, ook bl. 67) lyk my baie twyfelagtig; assodanig het hy wel eerder die Messias, die spruit uit die stomp van Isai beskou (Jes. 11:1v.). Of die „oorrompelaars" van II Kron. 20:22 as bowesinlike magte bedoel is (bl. 80) is onseker, dat die Hebreeuse woord hier met 'n *àjin* i.p.v. 'n *álef* gedruk is, is egter seker aan die drukduiwel te danke.

Die studie van von Rad het 'n tweede uitgawe in so korte tyd ruimskoots verdien en die boek word sowel om sy metode as om sy

materiële inhoud en om die uitsigte wat dit na baie kante open sterk aanbeveel aan almal wat dieper wil deurdring in die lewensvorme van Israel en die voorstellingswêreld van die Ou Testament.

17 Maart 1954. B. GEMSER.

* * *